



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GASVRYHEIDSTUDIES

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

GRAAD 12

2023

Hierdie riglyne bestaan uit 54 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
1. INLEIDING	3
2. INSTRUKSIES AAN ONDERWYSERS	5
3. DIE EKSAMEN	11
4. ASSESSERING	12
5. PROVINSIALE MODERERING	13
6. GEVOLGTREKKING	17
ADDENDUMS A-M	18
INSTRUKSIES AAN LEERDERS	32
1. SJEF	32
2. KELNER	36
3. ADDENDUM N: ANDER POSISIES	39
4. LEERDERVERKLARING	54

1. INLEIDING

Die 18 Nasionale Kurrikulumverklaringvakke wat 'n praktiese komponent insluit, bevat almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT). Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurwetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dans, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerswetenskap, Gasvryheidstudie, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Meganiese Tegnologie, Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie en Ingenieursgrafika en -ontwerp.

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT moet gedurende die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer om die sjef- en kelnervaardighede wat gedurende die praktiese lesse ontwikkel word, te assesseer.

Die PAT maak ook voorsiening vir die formele assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang.

Die PAT vir Gasvryheidstudies vir 2023 bestaan uit **EEN** formeel geassesseerde **praktiese eksamen**. Die onderwyser sal die take aan die leerders toeken, gebaseer op die eksamenvereistes. Leerders moet die volgende vaardighede toon:

- Berei en bied 'n verskeidenheid geregte aan
- Berei 'n lokaal vir 'n formele ete/maaltyd voor
- Pas die korrekte bedieningstegnieke/-vaardighede vir kos- en drankbediening by 'n formele ete/maaltyd toe

1.1 Punttoekenning

Leerders werk individueel. Elke leerder sal 'n punt uit 100 vir kookvaardighede (Sjef/Chef de Cuisine/Hoofsjef/Sous Chef/Aboyeur/Stoorman) kry **OF** 'n punt uit 100 vir bedieningsvaardighede (Kelner/Drankkelner/Maitre d'Hôtel).

Die gekombineerde punt uit 100 word toegeken vir die assessering van praktiese vaardighede (75) en geskrewe voorbereidingsvaardighede (25).

AFDELING A: Praktiese vaardighede	75
AFDELING B: Geskrewe voorbereidingsvaardighede	25
Finale punt vir die praktiese eksamen	100

Die PAT vorm deel van die jaareind-assessering. Die provinsiale eksamenliggaam verskaf TWEE aparte gerekenariseerde puntestate: een vir die PAT en een vir die SGA-punte.

1.2 Vereistes vir die PAT

Die volgende toerusting en hulpbronne moet vir die PAT beskikbaar wees:

Opleidingskombuis:

- 'n Opleidingskombuis vir die eksamen met die nodige toerusting.
- Bestanddele en alle ander benodighede vir die praktiese eksamen, soos uiteengesit in die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleid, moet deur skool verskaf word.
- Plaas genoeg **kennisgewings** en **plakkate** in die kombuis om leerders daaraan te herinner om hul hande en werkstasies gereeld, voor en na voedselbereiding, te was en ontsmet.
- Voldoen regdeur die praktiese eksamen aan die volgende beginsels en norme:
 - Laat 1,5 meter individuele spasie tussen werkstasies van leerders toe.
 - Plaas basiese bestanddele, soos meel, sout, peper, olie, ens. op werkstasies om onnodige beweging te beperk.
 - 'n Aparte wasbak vir opwas moet vir elke leerder beskikbaar wees.
 - **Nie meer as TWEE leerders** mag 'n stoof deel nie.

Uniform:

- Leerders moet die toepaslike uniform dra wat vir hul onderskeie rolle as sjefs of kelners toegewys is met die opsie om **gesigmasker** te dra, soos deur die skool voorgeskryf of as 'n veiligheidsmaatreël vir 'n kandidaat met 'n ligte verkoue of swak immuunstelsel.

Restaurant:

- 'n Restaurant of 'n vertrek met meubels en toerusting wat 'n restaurant-omgewing skep, is verpligtend.
- Toiletgeriewe moet vir die gaste beskikbaar wees.
- 'n Veilige omgewing moet op die perseel verskaf word indien die PAT na skoolure uitgevoer word.
- Die kapasiteit van die restaurant moet bepaal word voordat gaste genooi word om 'n oorvol restaurant te vermy en om seker te maak dat die fasiliteite en toerusting voldoende is.

Algemene veiligheidsmaatreëls:

- Voldoende reinigingstasies moet vir die was of sanitering van hande verskaf word voordat die kombuis en restaurant binnegegaan word
- Verwyder ekstra stoele en tafels om beter werksvloei te verseker.
- Ondervraging ('Screening'), temperatuurlesings, sosiale afstand en die dra van maskers sal afhang van die status van Covid-19. Dit kan dus aangepas word deur die Nasionale Departement van Gesondheid indien nodig en moet gevolg word ten tye van die uitvoer van die PAT.

1.3 Basiese lys van hulpbronne vir die PAT (minimum vereistes)

- 4–6 stowe: plate en oonde in 'n werkende toestand
- 1 mikrogolfoond
- 1 yskas
- Kombuisgereedskap: sjefsmesse, groentemesse (nutsmesse), raspers, mengbakke, kapplanke, oondpanne, meettoerusting, groot kastrolle, medium kastrolle, kasserolbakke/oondbakke, siwwe, houtlepels, vlekvrystaallepels, vergietesse, dreineringslepels, eierspane, ens.
- Tafels en stoele vir restaurantgaste om te sit
- Linne, eetgerei, breekware en glase vir restaurantgaste
- Kroegapparaat, soos skemerkelkmengfles en -siffie, menger, skemerkelkglas, Collins- of Zombieglase
- Een noodhulptassie toegerus met ten minste pleisters, salf vir brandwonde, chirurgiese handskoene
- Een brandblusser (bewys van diensrekord duidelik aangedui)

2. INSTRUKSIES VIR ONDERWYSERS

2.1 Beplanning van die praktiese assesseringstaak

EEN praktiese eksamen moet vanuit die opleidingskombuis en restaurant van die skool bedien word in kwartaal 3. 'n Formele viergangete moet bedien word vir die PAT om die **uniekheid van Suid-Afrikaanse produkte en bestanddele te vier**.

Die formele viergangete moet 'n alkoholvrye verwelkomingsmengeldrankie, 'n hors d'oeuvre, 'n voorgereg, 'n hoofgereg en 'n nagereg insluit. Die ete moet berei word en aan betalende gaste, bv. onderwysers, ouers en lede van die gemeenskap bedien word.

- Eksamendatums vir die PAT moet aan die einde van die vorige jaar vasgestel word en moet op die skool se jaarplan vir 2023 verskyn. Maak seker dat die eksamen nie met ander skoolaktiwiteite bots nie. Leerders en betrokke vakadviseurs moet aan die begin van die akademiese jaar oor hierdie datums ingelig word.
- Die getal Gasvryheidstudies-onderwysers, beskikbare stowe en apparaat wat vir die eksamen beskikbaar is, sal die aantal leerders vir 'n PAT-sessie bepaal.
- Een onderwyser kan 'n maksimum van 14 leerders assesseer. Assessering moet in die kombuis en in die restaurant plaasvind.
- Indien 'n skool slegs een Gasvryheidstudies-onderwyser het, sal hy/sy NIE gelyktydig in die kombuis en die restaurant kan assesseer NIE. Die skoolhoof moet dan nog 'n onderwyser, buiten die Gasvryheidstudies-onderwyser, aanwys om in die restaurant toesig te hou en die prestasie van die kelners in die restaurant te assesseer.
- Dieselfde onderwyser moet vir alle sessies by die skool gebruik word om regverdige, betroubare en geldige assessering te verseker.
- Die onderwyser kan besluit dat om die restaurant doeltreffend te bedryf, die posisies van Chef de Cuisine/Hoofsjef/Sous Chef/Aboyeur/Stoorman/Drankkelner en Maître d'Hôtel/Hoofkelner vereis.
- Voorbeelde van assesseringsinstrumente (ADDENDUM G–J) word verskaf en onderwysers kan dit aanpas om by die skool se konteks te pas met die vooraf-goedkeuring van die vakadviseur.
- Die eksamen kan tydens of na skoolure plaasvind of dit kan op die skoolseksamenrooster ingesluit word, afhangende van die konteks van die skool. Dit mag in die aand plaasvind indien sekuriteit voldoende is en met goedkeuring van die SBL en vakadviseur.

2.2 Opstel van die taak

2.2.1 Stel een formele viergangspyskaart op

Die onderwyser moet 'n viergangspyskaart opstel wat by die skoolkonteks pas en dit moet Suid-Afrikaanse bestanddele en produkte vier.

Daar moet aan die volgende vereistes voldoen word wanneer die spyskaart beplan word (gebruik analisevorm ADDENDUM B):

- Die spyskaart moet minstens TWEE inheemse Suid-Afrikaanse bestanddele/produkte insluit, bv. Amasi, biltong, bokkoms, suikerbone, mopaniewurms, mielies (produkte), morogo, snoek, sorghum, volstruis, waterblommetjies, wildsvleis (koedoe, springbok, ens.), Rooibostee, Amarula, pikantrissies ('peppadews'), nastergal (umsobo).
- Die spyskaart moet ten minste VIER verskillende gaarmaakmetodes insluit.
- Die alkoholvrye verwelkomingsmengedrankie moet ten minste EEN drankie wat gemeng/gebou/geskud/geroer is, insluit, bv. 'n Afrika-sonsondergang ('African Sunset').
- 'n Gereg moet 'n gevorderde tegniek/prosedure en 'n gaarmaakmetode insluit om 'n geldige leerdertaak te wees.
- 'n Minimum van VIER GANGE is VERPLIGTEND:
 - Hors d'oeuvre (eerste gang), bv. kanapees ('canapés'), bouchées, samoesas, gevulde mini-vetkoek, mini-terriens.
 - Voorgereg/Sop, bv. souterige mousse, roomsop, crêpes.
 - Hoofgereg:
 - Moet een of meer gevorderde proteïengeregte, soos vis, vleis of hoender, insluit. Die bereiding van die proteïengereg moet ten minste TWEE tegnieke insluit, bv. Hoenderrollade (ontbeen en gevul), Bief Wellington (gevol en met deeg bedek).
 - Die styselgereg moet 'n spesiale tegniek of proses insluit, bv. risotto, pilaf, gebraaide mieliepapvorms, Duchesse-aartappels, Dauphine-aartappels, krokette, rösti, latkes, rysballe.
 - Groentegeregte moet gevorderde mestegnieke of 'n spesiale tegniek of proses insluit, bv. julienne-wortels, beet tourné, babamurgpampoentinte, wortelskuim, ertjiepurée, ens.
 - Nagereg (warm, koud of gevries), bv. gebakte spons- of gestoomde poeding, crêpes, mousse of meringues.
- Een of meer gevorderde souse, soos 'n karamelsous (met gekaramelliseerde suiker) of ander souse wat spesiale tegnieke vereis, bv. Béchamel, velouté, jus, pesto, mayonnaise en hollandaise. 'n Sop mag een sous vervang.
- Een of meer fyngebakgeregte, soet of sout: skilferkors, fillo- of pastei('pur')-deeg (klaargemaak), broskors of chouxdeeg.
- 'n Gisproduk (geknie) plus EEN spesiale vormings- of ander tegniek (vulsel, glasing ens.), soos broodrolletjies, broodstokkies of focaccia geskik vir broodbediening in die restaurant/venue.
- 'n Gelatien- of agar-agargereg (nie kommersieelgegeurde jellie nie), bv. kaaskoek, Beierse room, terrien of souterige mousse.
- Delikate, gevorderde garner-/versiertegnieke volgens die jongste tendense moet gebruik word, bv. spinsuiker, sjokoladewerk, diepgebraaide of oondgedroogde groente- en vrugteskyfies, tuilles, gemmerrolletjies, meringue.
- Opsioneel: Friandise kan ingesluit word om saam met die koffie te bedien, bv. klein melktertjies, mini-baklava's, truffels, lekkergoed, malvalekkers, koeksisters of meringue-soentjies.

Die provinsie mag nie 'n algemene spyskaart of resepte voorskryf nie. Voorbeelde van spyskaartitems word egter by hierdie dokument as 'n riglyn vir standaardisering vir alle provinsies en skole ingesluit en om beginneronderwysers te help. (Sien die voorgestelde voorbeeldspyskaart hieronder.)

Die Gasvryheidstudies-vakadviseur moet die spyskaart en die resepte van elke skool goedkeur voordat die PAT vir assessering geïmplementeer word.

- Die aangehegte spyskaartanalisevorm (ADDENDUM B) moet voltooi word en saam met die spyskaart ingedien word.
- Die DRIE maaltydplanne hieronder kan as 'n riglyn gebruik word wanneer die viergangspyskaart vir die skool saamgestel word.

MAALTYDPLAN 1	MAALTYDPLAN 2	MAALTYDPLAN 3
Hors d'oeuvre Voorgereg Hoofgereg (Proteïen, stysel en groentegeregte) Nagereg	Hors d'oeuvre/Voorgereg Sop Hoofgereg (Proteïen, stysel en groentegeregte) Nagereg	Sop Hors d'oeuvre/Voorgereg Hoofgereg (Proteïen, stysel en groentegeregte) Nagereg

Spyskaartvoorbeeld (Maaltydplan 2):

<p>SPYSKAART Formele Dinee</p> <p><i>Alkoholvrye Verwelkomingsmengeldrankie</i> Lemmetjie-en-Kruisement-Nojito</p> <p><i>Hors d'Oeuvre</i> Vegetariese Fillomandjies met Peppadews</p> <p><i>Voorgereg</i> Biltongsop *(Klawerblaarbroodrolletjies)</p> <p><i>Hoofgereg</i> Hoenderroulade Heelkorrelmosterdsous Duchesse-aartappels Verglansde Julienne-wortels Ertjiepurée</p> <p><i>Nagereg</i> Vanilje-bavarois met 'n Rooibos-bessie-coulis</p> <p>Tee en Koffie</p> <p><i>Friandise (opsioneel)</i> Sjokoladetruffels</p> <p>16 Augustus 2023</p>
--

* Brood word op hierdie spyskaart slegs vir modereringsdoeleindes aangedui – word nie normaalweg op 'n spyskaart aangedui nie.

DIE SPYSKAARTE MOET AAN DIE VOLGENDE KRITERIA VOLDOEN**Voorbeeld: (Sien ADDENDUM B vir templaai):**

GANG/ NAAM VAN GEREK	MINIMUM VAN 4 GAARMAAK- METODES	TEGNIEKE/PROSESSE	Deeg: choux/filo, broskors, skilfer, pur	Gisprodukt	Gelatin/agar-agar	2 x SA bestanddele	Garnering
Skemerkelkie (Kroeg): Lemmetjie-en Kruisement- Nojito		Enige EEN: Gesked, <u>geroer</u> , gemeng, gebou✓					X
Brood: Klawerblaar- broodrolletjies	Bak	Gisdeeg – geknie✓, plus minstens EEN: Spesiale vorming, bv. vlegsels, spiraal, <u>klawerblaar</u> ✓, ens. Inkerf ('Scored') en bestuif met meel Ander: <u>gekleurde deeg</u> , <u>gepul</u> , <u>verglans en saad</u> ✓, ens.		X			
Hors d'oeuvre: Vegetariese Fillomandjies met Peppadews	Kook Bak	Minimum TWEE tegnieke/prosesse: Maak deegbassis: deeg/beslag, <u>gebruik en bak</u> <u>klaargemaakte deeg: fillodeeg</u> ✓, rol en blindbak Vorming: 'moulding/piping/quenelle'/stol/set en vorms sny Ander: pané, <u>mesvaardighede (snitte): uie en spinasie</u> ✓, afdop en ontaar <u>garnale</u> , <u>ontbeen</u> en <u>vlok van vis</u>	X			X	X
Tweede gang: (Voorgereg, Sop, Vis) Biltongsop	Prut	Minimum TWEE tegnieke/prosesse: Maak deegbassis: deeg/beslag, gebruik en bak van deeg Vorming: 'moulding/piping/quenelle'/ stol/set en vorms sny Ander: pané, <u>mesvaardighede/mandolien-snitte: patatskyfies</u>), <u>uitrol en blindbak</u> , <u>Béchamel-sous</u> ✓ <u>croutons</u> ✓				X	X
Proteïen: Hoenderroulade	Vlakraai Posjeer Rooster	Minimum TWEE tegnieke/prosesse: Afrand/Wegsny (verwyder silwervlies), franseer (skoonmaak van bene), marinering, afstroping en ontbening, <u>bartering</u> ✓, lardering, beroking, <u>vulsels en rol</u> ✓, peper en vasbind/toedraai, glasering, pané/ <u>krummellaag/bolaag</u> , bedek met deeg, <u>flambé</u> , <u>mesvaardighede (snitte): uie (brunoise) en appelkose</u> ✓					
Stysel: Duchesse-aartappels	Kook Bak	Aartappel/patatsnitte: rondelle, allumette, batonnettes, tourné, paysanne, gaufrette (wafel), fondant, noisette, spirale Vorming: 'moulding/piping'✓/quenelle/ stol/set en vorms sny Ander: <u>rosies</u> , <u>purée/fynmaak en passeer</u> ✓, <u>krummeling/pané</u>					
Groente: Verglansde Julienne- wortels Ertjepurée	Stowe Vlakraai Kook	Enige TWEE (minimum een per groentegereg) Snitte: <u>julienne</u> ✓, batonnettes, tourné, paysanne, macedoine, brunoise, chiffonade, linte, spirale, sny en rol Purée: <u>verpulp en sy geur/passeer ('liquidized and</u> <u>strained/pass')</u> ✓ Ander: Concassé, au gratin, blansjeer en verfris, groente- blomme/blare, sous deel van gereg (bv. Broccoli Mornay)					
Souse: Heelkorrelmostersous	Kook	Roux-basis (Béchamel ✓, velouté, bruinsous), liaison, emulsiebasis (hollandaise en mayonnaise), beurre manié, coulis (vrugte- of groentepurée en verdik)					
Nagereg: Vanielje-bavarois	Indirekte stoom	Minimum TWEE tegnieke/prosesse: Maak deegbassis: deeg, beslag, meringue Maak: mousse, chiffon, <u>crème/vla</u> ✓, soufflé, roomys/sorbet, styselbasis (sago, rys, tapioka) Gelatinproses (hidreer, <u>dispergeer en jelvorming</u>) ✓ Vrugtevoorbereiding, bv. compote, purée, smeer ('curd') Vorming: spuitwerk ('piping'), stol in lae, <u>vorming en ontvorming</u> , ✓ uitrol, vou, vleg, blindbak, deegversierings, traliewerk ('lattice') Ander/Afronding/bolae: <u>krummeling</u> , <u>karamellisering</u> , <u>verglansing</u> , <u>versiering</u> , <u>flambé</u>			X		X
Souse: Rooibos-bessie-coulis	Kook	Suikerbasis (karamellisering), sjokoladebasis, <u>coulis (vrugte- purée en verdik)</u> ✓, geroerde eiervlabbasis/sabayon				X	
Friandise: Sjokoladetruffels	Indirekte stoom	Enige EEN tegniek/proses: Gelatinproses (hidreer, dispergeer en jelvorming) <u>Vorming</u> ✓, doop, 'spuitwerk', laagvorming, stolling Ander: <u>suikerkokery</u> , <u>sjokoladewerk</u>					
Garnering: Sout Soet	Diepbraai Kook	Voorbeelde: <u>Sjokoladewerk</u> ✓, skuim, suiker (gespin/getrek), tuilles, versuikerde blomme/ vrugte, croutons, Melbaroosterbrood, gedroogde kruie, blomme, vrugte of groente					

LET WEL: Addisionele tegnieke/prosesse in gekose resepte nie hierbo genoem nie, MOET bygevoeg word.

2.2.2 **Berei die resepte vir die eksamens voor**

- Al die resepte moet netjies en leesbaar in standaard- of aksieformaat getik word.
- Verskaf 'n prentjie van die voltooide produk by ELKE resep
- Kriteria vir smaak, tekstuur en voorkoms moet vir ELKE resep ingesluit word.

VOORBEELD: STANDAARDFORMAAT

Biltongsop		Lewer: 10–12 porsies
<p>Bestanddele 125 g botter 200 mℓ koekmeel 500 mℓ melk 2 biefaftrekselblokkies 1 500 mℓ warm water 2 mℓ fyn neutmuskaat 2 mℓ fyn koljander 1 mℓ sout en peper na smaak 200 mℓ vars room 100 g biltongpoeier 200 mℓ gerasperde Cheddarkaas Ekstra biltongpoeier/gekerfde biltong vir garnering Knoffel-en-kruie-cROUTONS</p>		
		
<p>Metode</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Smelt botter in 'n medium, swaarboomkastrol. 2. Voeg meel by en roer oor lae hitte vir ongeveer 1 minuut. 3. Voeg melk by en verhit oor medium hitte, terwyl voortdurend geroer word, totdat sous glad is en effens verdik het. 4. Voeg aftrekselblokkies by warm water en roer. 5. Voeg aftreksel, speserye en smaakmiddels by, prut vir ongeveer 10 minute, terwyl voortdurend geroer word totdat dit verdik het. 6. Voeg room en biltongpoeier by en verhit. 7. Verwyder van die hitte en voeg kaas by. 8. Garneer met ekstra biltong en croutons. Bedien dadelik. 		
KRITERIA VIR DIE EVALUERING VAN DIE KWALITEIT VAN DIE BILTONGSOP		
Smaak	Tekstuur	Voorkoms
<ul style="list-style-type: none"> • Matige souterige geur • Kenmerkende biltongmaak • Croutons: aangename knoffel-en-kruiegeur 	<ul style="list-style-type: none"> • Romerig, glad • Geen klonte nie • Croutons: bros en nie olierig nie 	<ul style="list-style-type: none"> • Ligbruin kleur • Lyk nie olierig nie • Croutons: goudbruin en ewe groot

2.2.3 Verdeling van take vir die sjefs (sien ADDENDUM C)

- Verskillende tipes sjefs kan gebruik word wat elk hulle spesifieke rolle vertolk, bv. Hoofsjef/chef de cuisine, Vleissjef, Groentesjef, Voorgereg- of Nageregsjef.
- Gebruik die goedgekeurde spyskaart en verdeel die spyskaart in gelykwaardige take vir die aantal sjefs. Voorsorg moet getref word om die werklading eweredig te versprei.
- Elke sjef moet individueel werk en 'n minimum van TWEE geregte berei bv. Vegetariese Fillomandjies en Vanielje-bavarois.
- Elke sjef moet 'n minimum van TWEE verskillende gaarmaakmetodes en 'n minimum van VYF gevorderde tegnieke/prosesse gebruik.
- 'n Enkele gereg/garnering moet minstens een tegniek/proses insluit om die verwagte standaard van 'n taak te bereik. 'n Leerder kan een gereg met vier tegnieke en 'n ander gereg met een proses/tegniek maak.
- 'n Aantal sjefs kan individueel dieselfde gereg vir 'n groep van 6 tot 10 gaste berei (individuele werk). Twee sjefs MAG NIE saam een groot gereg maak NIE.
- Voorkoming van kruiskontaminasie moet voorkeur geniet in die verdeling van take en die plasing van werkstasies vir geregte.
- **Elke sjef moet die geskrewe beplanning 7–14 skooldae voor die datum van die praktiese eksamen onder toesig voltooi.**
- Met die aanvang van hierdie sessie ontvang elke leerder die volgende:
 - Die resepte vir die TWEE of DRIE geregte en/of souse wat hulle gaan berei.
 - Die geskrewe beplanningstaakvorm vir sjefs, hoofsjef of aboyeur/stoorman.
 - 'n Gekombineerde werkprosedure vir die TWEE of DRIE geregte en/of souse om voor te berei (**ADDENDUM D**).
- Die voltooide geskrewe beplanningstaakvorm moet aan die einde van hierdie beplanningssessie vir nasien ingehandig word.
- Die nagesiende geskrewe beplanningstake moet aan die leerders teruggegee word om tydens die eksamen te gebruik.

2.2.4 Stel die take vir die kelners op (Sien ADDENDUM C.)

- Die Maître d'Hôtel, in oorleg met die onderwyser, moet:
 - Die uitleg van die restaurant beplan volgens die getal gaste wat verwag word.
 - Alle stoele en tafels wat nie gebruik gaan word om ekstra beskikbare spasie te skep nie, verwyder.
 - Die bediening van die alkoholvrye verwelkomingsmengeldrankie en hors d'oeuvre beplan, bv. kelners met skinkborde of ontvangstafel
 - Die getal tafels vir die betalende gaste tussen die getal kelners verdeel
 - Die dek van die tafels, tafeldekor ingesluit, volgens die konteks van die skool beplan
 - Die sitplek uitleg van gaste beplan
 - Alle ander ekstra pligte wat vir die funksie vereis word, toeken
- Elke kelner moet 'n minimum van vier gaste bedien.
- Kelners/Drankkelners moet die alkoholvrye verwelkomingsmengeldrankie berei en bedien.
- Kelners/Drankkelners moet die koffie en tee voorberei en bedien.
- Kelners mag nie hulle eie familie of vriende bedien nie.
- Kelners moet individueel asook in 'n span kan werk, bv. kelners moet hul eie tafelplekke ('covers') dek, maar moet mekaar help sodat gaste by dieselfde tafel hulle kos op dieselfde tyd ontvang.

- **Elke kelner moet die geskrewe beplanning 7–14 skooldae voor die datum van die praktiese eksamen onder toesig van die onderwyser voltooi.**
- Wanneer hierdie sessie begin, sal elke leerder die volgende ontvang:
 - Die lys van spyskaartgeregte vir die restaurantbediening
 - Die geskrewe beplanningstaakvorm vir kelners, kroegman of Maître d'Hôtel
 - Die kelner/drankkelner se werksprosedure (**ADDENDUM D**).
- Die geskrewe beplanningstaak wat deur die leerder voltooi is, moet aan die einde van die beplanningssessie vir nasien ingelewer word.
- Die nagesiene geskrewe beplanningstake moet aan die leerders teruggegee word om tydens die praktiese eksamen te gebruik.

3. DIE EKSAMEN

3.1 Opsie 1: Standaard-PAT met gaste (ongeveer 6–7 uur)

- Voorbereiding begin in 'n skoon, gesaniteerde omgewing. Die kombuis/restaurant moet die dag voor die tyd skoongemaak word.
- Dertig minute kan by die 6–7 uur ingesluit word sodat die leerders kan eet en aantrek. Die bereiding van geregte, die voorbereiding van die lokaal, die dek van tafels en ander relevante voorbereiding moet gedurende die 6–7 uur toegeken, plaasvind.
- Die totale tydsduur mag NIE 7 uur oorskry NIE.
- Voedsel- en drankbereiding en die voorbereiding van die restaurant begin 4 uur voordat die restaurantdeure oopmaak.
- Geen voorbereiding van die lokaal of bereiding van voedsel of drankies mag die vorige dag gedoen word nie, behalwe die week van droë peulgroente of die maak van verhelderde botter, wat wel in 'n klasperiode vooraf gedoen kan word.
- Die uitpak van bestanddele en apparaat, sowel as die stryk van tafeldoeke moet vooraf gedoen word.
- Addisionele tyd moet aan leerders met konsessies toegestaan word, volgens hulle behoeftes, tot 'n maksimum van 2 uur ekstra vir voedselbereiding en 2 uur ekstra vir bediening en afsluitings-mise-en-place. Die addisionele tyd soos deur die konsessie voorgeskryf, moet met die vakadviseur onderhandel en ooreengekom word.
- Afsluitings-mise-en-place sal plaasvind nadat die gaste die restaurant verlaat het.

3.2 Covid-19-voorsorg-/noodmaatreël

Indien die land op inperkingsvlak 4–5 is, is daar 'n tweede opsie beskikbaar wat die uitsluiting van gaste tydens die uitvoering van die PAT behels.

Die Gasvryheidstudies-onderwyser(s) en die skoolbeheerliggaam moet gesamentlik 'n ingeligte besluit neem wat streng op die Covid-19-inperkingsvlak gebaseer is.

OPSIE 1 (Standaard-PAT): aanbied van die PAT vir **betalende gaste** soos in hierdie dokument voorgeskryf.

OF

OPSIE 2 (Onder inperkingsvlak 4–5 (NIE tans van toepassing nie as gevolg van Covid-19-regulasies): uitvoer van die PAT **sonder gaste**.

Indien skole besluit om **OPSIE 2 te kies**, moet **geskrewe toestemming** by die **relevante vakadviseur** verkry word dat die PAT uitgevoer gaan word sonder gaste en dat alle leerders as sjefs geassesseer sal word.

Die basiese raamwerk van die PAT bly dieselfde soos in hierdie dokument voorgeskryf: dieselfde spyskaartvereistes, dieselfde verdeling van sjefstake (5 prosesse/gevorderde tegnieke per sjef), dieselfde geskrewe voorbereiding vir sjefs (voltooi 7–14 skooldae voor die werklike PAT-sessie, onder toesig) en dieselfde assesseringsmiddel vir sjefs.

Met OPSIE 2 sal die enigste afwyking van die riglyne, soos voorgeskryf in hierdie dokument, wees:

- **Tydspanne van die eksamen: 3 uur** in plaas van 6–7 uur; soos volg ingedeel:
 - 15 minute om leerders se werkstasies toe te ken en mise-en-place te doen.
 - 2¼ uur vir die bereiding van geregte onder eksamentoestande.
 - 30 minute vir afsluitingsmise-en-place, die onderwyser doen evaluering, leerders se werkstasies word nagegaan en die puntestate voltooi.
- **Getal leerders:** maksimum van 10 leerders per sessie, dus veelvoudige sessies geskeduleer om al die leerders te assesseer.
- **Porsies per resepsie:** slegs 1–2 porsies voedsel, waar moontlik.
- **Stasies:** twee leerders wat dieselfde taak doen, mag nie langs mekaar staan nie.
- **ADDENDUM C:** verdeling van take: sjefstake sal aan alle leerders toegeken word; geen ander posisies word geassesseer nie.
- Met OPSIE 2 moet skole dit oorweeg om die voorbereide geregte te verkoop, op 'n deurry- of wegneemete-basis, om te help om koste te dek.

4. ASSESSERING

4.1. Assesseringsinstrumente

Die assesseringsinstrumente vir sjefs en kelners wat as **ADDENDUM E en F** ingesluit is, is **VERPLIGTEND**. Die onderwyser stel die assesseringsinstrumente vir bykomende posisies (Chef de Cuisine/Hoofsjef/Sous-sjef/Aboyeur/Stoorman/Maître d'Hôtel) volgens die verwagte verpligtinge op, indien nodig. Voorbeelde wat aangepas kan word om by die konteks van die skool te pas, word in **ADDENDUMS G, H, I en J** gegee. Hierdie addisionele assesseringsinstrumente moet deur die vakadviseur goedgekeur word.

4.2. Assessering van leerders

- Sien die geskrewe beplanningstake na voordat die eksamen plaasvind en gee dit aan die leerders terug om te gebruik terwyl hulle die praktiese eksamen doen. Onderwysers word aangeraai om nasienriglyne vir die beplanning op te stel om die betroubaarheid van die punte te verseker en vir modereringsdoeleindes.
- Assesseer die prestasie van die sjefs en kelners voortdurend tydens die eksamen deur waarneming, volgens die assesseringsinstrument wat ingesluit is.
- Sekere aspekte van die kelners moet voor die aankoms van die gaste geassesseer word, soos die dek van tafels en persoonlike voorkoms, alkoholvrye verwelkomingsmengedrankies en koffie- of teebediening.
- Sekere aspekte van die stoorman en drankielner moet met die aanvang van die eksamen geassesseer word, soos die uitreik van voorraad en uitpak van gereedskap.
- Die dek van die tafels moet geassesseer word voordat die Maître d'Hôtel gevra word om te help.
- Die Maître d'Hôtel moet volgens sy/haar eie kennis van tafeldek geassesseer word en moet foute aan die betrokke kelner in die teenwoordigheid van die eksaminator/moderator uitwys.

5. PROVINSIALE MODERERING VAN DIE PAT

5.1 Die modereringsproses

Moderering verseker dat die kwaliteit en standaard van die (a) beplanning en voorbereiding vir die PAT nagekom is en dat die (b) assessering betroubaar en regverdig is. Die assesserings- en modereringsinstrumente verskaf sal gebruik word om die nasienproses te standaardiseer.

5.2 Moderering van die beplanningstaak

Die relevante PAT beplanningdokument moet minstens SES weke voor die datum van die eerste sessie van die praktiese eksamen of **nie later as die einde van Kwartaal 2 nie** by die Gasvryheidstudies-vakadviseur vir goedkeuring ingedien word.

Die volgende items moet ingedien word:

- AFTIKLYSIE (BYLAE A geteken deur die onderwyser en hoof)
- OPENINGSTYD VAN RESTAURANT en BEDIENINGSTYE VAN GANGE
- SPYSKAART
- SPYSKAARTANALISE (ADDENDUM B)
- WERKSVERDELING (ADDENDUM C)
- RESEPTE (assesseringskriteria vir elke gereg ingesluit)
- WERKPROSEDURES (ADDENDUM D: verskillende sjefs en kelners apart)
- ADDISIONELE ASSESSERINGSINSTRUMENTE (Maitre d'Hotel, Hoofsief, ens)

Verwys na die voorbeelde van ADDENDUM A, B en C op bladsy 14, 15 en 17 onderskeidelik.

VOORBEELD: KONTROLELYS (SIEN ADDENDUM A VIR TEMPLAAT)

GASVRYHEIDSTUDIES-KONTROLELYS VIR GRAAD 12-PAT-BEPLANNING WAT VIR MODERERING VOORGELÊ MOET WORD			
NAAM VAN SKOOL: _____		Distrik: _____	
TOTALE GETAL GR. 12-LEERDERS: 75		GETAL PAT-SESSIES: 3	
GETAL LEERDERS PER SESSIE: 25		DATUM VAN INDIENING: 3 Mei 2023	
EKSAMENDATUM(S)	VOORGESTELDE MODERERINGSDATUMS		GOEDGEKEURDE MODERERINGSDATUM
16/08, 17/08 of 18/08	12/08		
	ONDER- WYSER	VAK- ADVISEUR	KOMMENTAAR
Verwagte getal gaste	30		
Begintyd van PAT	08:30		
Openingstyd van restaurant/venue en bedieningstye van elke gang	✓		
Spyskaart ingesluit	✓		
Ontleding van spyskaart ingesluit	✓		
Spyskaart voldoen aan minimum kriteria	✓		
Verdeling van take: Restaurant			
• Kelners	✓		
• Ander: Maître d'Hôtel/ Drankkelner	✓		
Verdeling van take: Kombuis			
• Sjefs: voldoen aan kriteria	✓		
• Gelyke gewig vir sjef se take	✓		
• Ander: Chef de Cuisine/ Hoofsjeff/Aboyeur/Stoorman	✓		
• Resepte en assesserings- kriteria van geregte ingesluit	✓		
Addisionele assesserings- instrumente (Maître d'Hôtel/ Hoofsjeff, ens.)	✓		
Assessor: Restaurant	R Nkosi		
Assessor: Kombuis 1	T Smith		
Assessor: Kombuis 2	N.v.T.		
GOEDGEKEUR/NIE GOEDGEKEUR NIE [DATUM VIR HERINDIENING: _____]			
Kommentaar: _____			
HANDTEKENINGE		DATUMS	
Onderwyser:			
Skoolhoof:			
Vakadviseur:			

VOORBEELD: VERDELING VAN TAKE (SIEN BYLAE C VIR TEMPLAAT)

VERDELING VAN DIE TAKE			
SKOOL			DATUM
PRAKTIESE EKSAMEN: 1 / 2 / 3 (<i>Merk toepaslike sessienommers</i>)			
Verwagte getal gaste		30	Getal leerders 25
TAKE	LEERDER SE NOMMER EN NAAM		GETAL GASTE/PORSIES
RESTAURANTBRIGADE			
Maître d'Hôtel	1. Aphane, Mpho		
Drankkelpers	2. Nel, Carel	3. Theys, Lee-Ann	Alkoholvrye mengedrankies en drankbediening
Kelpers	4. Gous, Nadine		
	5. Pratt, Wilma		4 gaste
	6. Phosa, Katlego		4 gaste
	7. Green, Tish		4 gaste
	8. Gould, Pravin		4 gaste
	9. De Wet, Jan		4 gaste
	10. Naidoo, Krishni		6 gaste
KOMBUISBRIGADE			
Chef de Cuisine/Hoofsief	1. Brink, Kevin		
Sous-sief	GEEN		
Aboyeur/Stoorman	2. Weir, Justine		Droë en koue stoor
SJEF SE TAKE	Tegniese/ Prosesse		
Voorgeregsjefs/Fyngebaksjefs 1: Klawerblaarbroodrolletjies Sjokoladetruffels Rooibos-bessie-coulis	3 1 1 } 5	3. Nel, Kariena	10 porsies
		4. Malan, Martha	10 porsies
		5. Harris, Louis	10 porsies
Vleissjefs: Hoenderroulade Heelkorrelmosterdsous Ertjiepurée	3 1 1 } 5	6. Faia, Kyle	10 porsies
		7. Noko, Beauty	10 porsies
		8. Ras, Ina	10 porsies
Groente-sjefs: Biltongsop Duchesse-aartappels Verglansde Julienne-wortels	2 2 1 } 5	9. Nel, Sammy	8 porsies
		10. Ross, Troy	8 porsies
		11. Mathee, Len	8 porsies
		12. Kok, Susan	8 porsies
Voorgeregsjefs/Fyngebaksjefs 2: Vegetariese Fillopakkies Vanielje-bavarois met garnering	2 3 } 5	13. Bam, Natasha	10 porsies
		14. Nell, Brandon	10 porsies
		15. Steyn, Salome	10 porsies

5.3 Moderering van die PAT op die perseel

- Die vakadviseur sal in Kwartaal 3, op die datum waarop ooreengekom is, die prestasie van die leerders op die perseel by die skool modereer.
- Die moderator sal die praktiese eksamen bywoon wat deur die laaste groep graad 12-Gasvryheidstudies-leerders afgelê word.
- Die onderwyser moet die volgende vir verifiëring en moderering van die PAT vir die moderator gereed hê:
 - Die onderwyser se PAT-lêer: gemodereerde PAT-beplanningsdokument (spyskaart, take, resepte, kriteria van geregte, assesseringsinstrumente, ens.) ingesluit
 - Volledige puntestate vir Kwartaal 1 en 2
 - In geval van groot groepe, die punte van al die leerders wat reeds die PAT voltooi het
 - Die geskrewe voorbereiding van die leerders vir die PAT. Leerders moet hul geskrewe, nagesiene voorbereiding tydens die PAT gebruik.
 - 'n Aparte stel assesseringsinstrumente vir die gebruik van die moderator met die name en eksamennommers van die leerders reeds op die puntetaal ingeskryf (indien beskikbaar)
 - Praktiese klasse: leerderbewyse (lêers, foto's, ens.) vir verifiëring en versekering van gehalte van die vlak van voorbereiding vir die PAT tydens die praktiese lesse
- Die moderator sal 'n totaal van SES kandidate modereer in beide die kombuis en restaurant, bv. vier kandidate in die kombuis en twee in die restaurant. Die moderator sal die leerders onafhanklik assesser terwyl hulle die eksamen aflê, asook die produkte wat deur die geselekteerde leerders gemaak is.
- Die moderator sal sy/haar assessering met die assessering van die onderwyser vergelyk. Indien die moderator vind dat die punte van die onderwyser met meer as 10% van sy/haar punte verskil, moet 'n blokaanpassing opwaarts of afwaarts gedoen word, gebaseer op die verskil.

Die tabel op die volgende bladsy toon hoe om die verskil tussen die moderator se punte en die onderwyser se punte te bepaal, om presies vas te stel of 'n aanpassing nodig is, sowel as die grootte van die aanpassing wat nodig is.

VOORBEELD:

LEERDERS SE NAME				PAT	
				100	
				*O	*M
Leerder A				84	69
Leerder B				83	70
Leerder C				68	53
Leerder D				59	44
Leerder E				49	40
Leerder F				45	40
TOTAAL				388	316
GEMIDDELDE PUNT = TOTAAL ÷ 6 (getal leerders)				65	53
VERSKIL = 64,6 (*O) – 52,6 (*M)				12	
AANPASSING:	AFWAARTS	✓	OPWAARTS	-2	
(Indien gemiddelde verskil van die steekproef meer as 10% is, moet 'n blokaanpassing gedoen word.) *O = Onderwyser; *M = Moderator					

- 'n Blokaanpassing kan ook volgens die moderator se oordeel gedoen word indien die praktiese eksamen van die skool nie aan die verwagte standaard voldoen nie.
- Die moderator sal die uitkoms van die moderering asook enige aanpassings met die onderwyser bespreek. Die finale gemodereerde punte moet dan op die gemodereerde puntetaal (ADDENDUM L) ingesleutel word.
- Die punte van al die leerders moet verander word indien 'n aanpassing gemaak word.
- Die punte van al die leerders moet op die dag van die eksamen gefinaliseer en deur die vakadviseur en skoolhoof onderteken word. Die gerekenariseerde puntetaal moet op die dag van moderering (indien beskikbaar) voltooi word.
- Bewyse van die geskiedenis van die moderering moet in die onderwyser se portefeulje gehou word.

6. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te toon; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede ('soft skills'), soos kommunikasie, spanwerk, kritiese denke, probleemoplossing, tydsbestuur, ens., en gee aan hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

ADDENDUMS

- ADDENDUM A, B, C en D: moet aan die vakadviseur voorgelê word
- ADDENDUM E, F en L: moet deur die onderwyser ingevul word
- ADDENDUM G–K en N: OPSIONEEL – Hierdie puntetaal/-lyste moet aangepas word om by die spesifieke konteks van die skool te pas.
- ADDENDUM M: moet deur die vakadviseur/moderator ingevul word

ADDENDUM A: KONTROLELYS

GASVRYHEIDSTUDIES-KONTROLELYS VIR GRAAD 12-PAT-BEPLANNING WAT VIR MODERERING VOORGELÊ MOET WORD			
NAAM VAN SKOOL: _____		Distrik: _____	
TOTALE GETAL GR. 12-LEERDERS: _____		GETAL PAT-SESSIES: _____	
GETAL LEERDERS PER SESSIE: _____		DATUM VAN INDIENING: _____	
EKSAMENDATUM(S)	VOORGESTELDE MODERERINGSDATUMS		GOEDGEKEURDE MODERERINGSDATUM
	ONDER- WYSER	VAK- ADVISEUR	KOMMENTAAR
Verwagte getal gaste			
Begintyd van PAT			
Openingstyd van restaurant en bedieningstye van elke gang			
Spyskaart ingesluit			
Ontleding van spyskaart ingesluit			
Spyskaart voldoen aan minimum kriteria			
Verdeling van take: Restaurant			
• Kelners			
• Ander: Maître d'Hôtel/ Drankkelner			
Verdeling van take: Kombuis			
• Sjefs: voldoen aan kriteria			
• Gelyke gewig vir sjef se take			
• Ander: Chef de Cuisine/ Hoofsjef/Aboyeur/Stoorman			
Resepte en assesseringskriteria van geregte ingesluit			
Werkprosedures: Sjefs/Kelners			
Addisionele assesserings-instrumente (Maître d'Hôtel/ Hoofsjef, ens.)			
Assessor: Restaurant			
Assessor: Kombuis 1			
Assessor: Kombuis 2			
GOEDGEKEUR/NIE GOEDGEKEUR NIE [DATUM VIR HERINDIENING: _____]			
Kommentaar: _____			
HANDTEKENINGE		DATUMS	
Onderwyser:			
Skoolhoof:			
Vakadviseur:			

ADDENDUM B: SPYSKAART-ANALISE

GANG/ NAAM VAN GEREK	MINIMUM VAN 4 GAARMAAK- METODES	TEGNIKE/PROSESSE	Deeg: choux/fillo/ broskors/skifer/ pastei ('pur')	Gisprodukt	Gelatien/Agar-agar	2 x SA-bestanddele	Garnering
Alkoholvrye skemerkelkie (kroeg):		Enige EEN: Ges kud, geroer, gemeng, gebou					
Brood:		Gisdeeg geknie, plus ten minste EEN: Spesiale vorming: vlegsels, knope, ingekerf ('scored') en verglans Ander: kleure, gevul, verglans en met saad, ens.					
Hors d'oeuvre:		Minimum TWEE tegnieke/prosesse: Maak deegbassis: deeg/beslag, gebruik en bak klaar-gemaakte deeg, rol, uitvoer en blind gebak Vorming: 'moulding/piping/quenelle'/stol en vorms sny Ander: pané, mesvaardighede (snitte), afdop en ontaar garnale, ontbeen en vlok vis, maak sous/vulsel					
Tweede gang: (Hors d'oeuvre, Voorgereg, Sop, Vis)		Minimum TWEE tegnieke/prosesse: Maak deegbassis: deeg/beslag, gebruik en bak klaar-gemaakte deeg, rol, uitvoer en blind gebak Vorming: 'moulding/piping/quenelle'/stol en vorms sny Ander: pané, mesvaardighede/mandolien (snitte), maak sous/vulsel, purée en deursy					
Proteien:		Minimum TWEE tegnieke/prosesse: regsny (verwyder silwer vel), franseer (skoonmaak van bene), marinering, ontbening, bardering, lardering, beroking, vulsel/krummellaag, rol en vasbind/toedraai, verglansing, 'pané'/deklaag/peper, bedek met deeglaag, flambé					
Stysel:		Aartappel-/Patatsnitte: rondelle, allumette, batonnettes, tourné, paysanne, gaufrette (wafel), fondant, noisettes, spirale Vorming: 'moulding/piping/quenelle'/stol en vorms sny Ander: rosies, purée/kapok en passeer, krummeling/'pané'					
Groente:		Enige TWEE (minimum EEN per groentegereg) Snitte: julienne, batonnettes, tourné, paysanne, macedoine, brunoise, chiffonade, linte, spirale Purée: verpulp en syg deur/passeer Ander: Concassé, au gratin, blansjeer en verfris, groente-blomme/-blare, sous deel van gereg (bv. Béchamel, Mornay)					
Sous:		Roux-basis (Béchamel, velouté, bruinsous), liaison, emulsiebasis (hollandaise en mayonnaise), beurre manié, coulis (vrugte- of groentepurée en verdik)					
Nagereg:		Minimum TWEE tegnieke/prosesse: Maak deegbassis: deeg, beslag, meringue Maak: mousse, chiffon, crème/vla, soufflé, roomys/sorbet, styselbasis (sago, rys, tapioka) Gelatienproses (hidreer, dispergeer en jelvorming) Vrugtebereiding, bv. compote, purée, smeer ('curd') Vorming: spuitwerk ('piping'), stol in lae, vorming en ontvorming, uitrol, vou, vleg, blind gebak, deegversierings, traliewerk ('lattice') Ander/Afronding/Bolae: krummeling, karamellisering, verglansing, versiersels, flambé					
Sous:		Suikerbasis (karamellisering), sjokoladebasis, coulis (vrugte-purée en verdik), geroerde eierbasis/sabayon					
Friandise:		Enige EEN tegniek/proses: gelatienproses (hidreer, dispergeer en jelvorming) Vorming: doop, spuitwerk, laagvorming, stolling Ander: suikerkokery, sjokoladewerk					
Garnering: Sout Soet		Voorbeelde: gebraaide kruie/groenteskyfies, sjokolade, skuime, sjokolade, suiker (gespin/getrek), tuilles, versuikerde blomme/vrugte, croutons, Melba-roosterbrood, gedroogde kruie, blomme, vrugte of groente					

LET WEL: Addisionele tegnieke/prosesse in gekose resepte nie hierbo genoem nie, MOET bygevoeg word.

ADDENDUM C: VERDELING VAN TAKE

VERDELING VAN DIE TAKE			
SKOOL			DATUM
PRAKTIESE EKSAMEN: 1 / 2 / 3 <i>(Merk toepaslike sessienommer.)</i>			
